KENNISGEWING 43 VAN 2020

MOGALAKWENA MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING VAN 'N AANSOEK OM HERSONERING IN TERME VAN ARTIKEL 16 (1) VAN DIE MOGALAKWENA MUNISIPALITEIT GRONDGEBRUIKBESTUUR BYWET, 2016 ASOOK VIR DIE OPHEFFING VAN BEPERKENDE VOORWAARDES IN DIE TITELAKTE IN TERME VAN ARTIKEL 16(2) VAN DIE STAD TSHWANE GRONDGEBRUIK-BESTUUR BYWET, 2016

Ons, Origin Stads- en Streekbeplanning (Edms) Bpk, synde die applikant van die Restant van Erf 1174 en Erf 1176 Piet Potgietersrust Uitbreiding 3, gee hiermee ingevolge Artikel 16(1)(f) van die Mogalakwena Munisipaliteit Grondgebruikbestuur Bywet, 2016, kennis dat ons by die Mogalakwena Munisipaliteit aansoek gedoen het vir die wysiging van die Mogalakwena Grondgebruikskema, 2008 (Hersien in 2014), deur die hersonering in terme van Artikel 16(1) van die Mogalakwena Munisipaliteit Grondgebruikbestuur Bywet, 2016, asook vir die opheffing van sekere beperkende voorwaardes in die titel aktes in terme van Artikel 16(2) van die van die Mogalakwena Munisipaliteit Grondgebruikbestuur Bywet, 2016 van die eiendomme soos hierbo beskryf. Die eiendomme is geleë op die hoek van Dudu Madisha Rylaan en Nelson Mandela Rylaan.

Die hersonering van die Restant van Erf 1172 Piet Potgietersrust Uitbreiding 3 is van ''Besigheid 1'' na ''Publike Vulstasie'' en Erf 1176 Piet Potgietersrust Uitbreiding 3 is van ''Nywerheid 1'' na ''Besigheid 1'' onderhewig aan sekere voorwaardes.

Aansoek word ook gedoen vir die opheffing van voorwaardes A(f) en C(c) van titel akte T4107/2019 wat van toepassing is op die Restant van Erf 1174 Piet Potgietersrust Uitbreiding 3 en voorwaardes A(e), A(f), A(g), A(h) en B(c) van titel akte T2702/2019 wat van toepassing is op Erf 1176 Piet Potgietersrust Uitbreiding 3.

Die intensie van die eienaar is om die bestaande ontwikkeling op te gradeer en te verbeter. Daar is 'n bestaande vulstasie en motor verwante gebruike op die Restant van Erf 1174 Piet Potgietersrust Uitbreiding 3. Die motor verwante gebruike gaan geskuif word na die aanliggende Erf 1176 Piet Potgietersrust Uitbreiding 3. Aanverwante kleinhandel gebruike gaan gevestig word op die Restant van Erf 1174 Piet Potgietersrust Uitbreiding 3 wat die hoofgebruik as vulstasie gaan komplimenteer.

Enige besware of kommentare wat duidelik die gronde van die beswaar en die persoon(ne) se regte uiteensit en aandui hoe hulle belange deur die aansoek geaffekteer gaan word asook die persone se volle kontakbesonderhede, waar sonder die Munisipaliteit nie met die persoon kan korrespondeer nie, moet ingedien word by en skriftelik gerig word aan: Beplanning and Ontwikkeling, Posbus 34, Mokopane, 0600 of na ntshanis@mogalakwena.gov.za vanaf 11 September 2020 tot 9 Oktober 2020.

Indien enige belangstellende of geaffekteerde partye die aansoek wil sien of 'n kopie wil ontvang van die grondgebruik aansoek, kan 'n kopie versoek word vanaf die Munisipaliteit deur dit te versoek by die volgende kontak besonderhede: ntshanis@mogalakwena.gov.za

Volledige besonderhede en planne (indien enige) van die aansoek sal gedurende gewone kantoorure kan besigtig word by die Munisipale kantore soos hieronder uiteengesit, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 11 September 2020 soos verskyn in die Limpopo Provinsiale Gazette, plaaslike koerant en op terrein.

Adres van die Munisipale kantore: 54 Retief Street, Mokopane Munisipale Kantore. Sluitingsdatum vir enige beswaar(e): 9 Oktober 2020

Adres van gemagtigde agent: Origin Stadsbeplanning, Melkstraat 306, Nieuw Muckleneuk. Posbus 2162, Brooklyn Square, 0075. Tel: (012) 346 3735 of Faks: (012) 346 4217. E-pos: jaco@origintrp.co.za

Datum van publikasie van die kennisgewing: 11 September 2020 en 18 September 2020

11–18